8 Augustus 2021

FAMILIE TUISBLAD

Efesiërs 4:25-5:2

Verlede week het ons daaroor gesels dat ons soos superhelde is, omdat God vir ons ‘n bepaalde *mission* gee en ons toerus met *superkragte*. Hierdie week lees ons verder in Efesiërs dat hierdie gawes niks beteken as ons lewens nie ook radikaal anders lyk nie. Ons moet hierdie gawes LEEF!

Dink net aan jou gunsteling superheld. Hulle lewens lyk baie anders as ‘n gewone mens s’n. Hulle sal byvoorbeeld hulle eie behoeftes tweede stel en selfs hulle eie lewe in gevaar stel om iemand anders te help. Hulle spog ook nie oor hulle heldedade nie, want hulle identiteit moet ‘n geheim bly. Amper soos superhelde, kies Christus ons om ‘n ander tipe lewe te leef, ‘n lewe wat mense wys dat ons glo.

Lees: Efesiërs 4: 25 – 5:2 Hoe gelowiges moet lewe

Gesels:

- Maak ‘n lys van die karaktereienskappe van ‘n gelowige se lewe vanuit die teks, maar stel elkeen in die positiewe.
- Watter een is vir jou die moeilikste en watter een die maklikste om na te streef?
- Vertel van ‘n keer toe die Heilige Gees jou oortuig het jou optrede is verkeerd.

Bid:

Bely een ding wat jy tans verkeerd doen, of aan moet werk, en bid vir mekaar hiervoor.

Doen:

Hierdie week vier ons Vrouedag. Vertel van ‘n vrou wat vir jou ‘n voorbeeld stel van hoe ‘n gelowige se lewe moet lyk. Maak vir haar ‘n dankie-kaartjie of stuur vir haar ‘n stem boodskap van waardering. Kinders kan ook ‘n superheld plakkaat maak vir hulle kamer met eienskappe uit Efesiërs 4 daarop.

Luister hierdie week op die DinkJeug Familie App na nog oordenkings oor Efesiërs 4:25-5:2 oor die **Super lewe van Superhelde!**

Laai die app hier af:

Google Play: https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en
Apple iStore: https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715
Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te belyn, besoek NOUS by www.nous.org.za